



Landsdiens-mascot

### Piet Retief se Onvergeetlike naweek by Skurwekoppies

Vrydag 27 Februarie het n groep van 50 Landsdieners met groot opgewondenheid vertrek in die koue reën na Skurwekoppies avontuur kamp. Die pad was somer gou verby toe ouer kinders ons vertel het van onvergeetlike vorige kampe.

Met ons aankoms is die leerlinge in Oranje, Blou en Pers spanne ingedeel en die kompetiese gees was hoog. Ons het toe bietjie die plaas gaan verken en die longe gevul met vars plaas lug.

Na heerlike hoender vir aandete het Juffrou ons n les gegee in kultuur dromme (een van die dromme kom van so ver as die Kongo) en hoe belangrik dit is om te luister, 'n kind is die geleentheid gegee om n ritme te speel en die ander moes eers luister and dan in opdrag van n teken begin die volgende kleiner dromme. Die aand is op gepaste wyse in die pragtigste kerk afgesluit met kersies wat elke leerling op n kruis kon sit met die boodskap "Jesus is die liggie op jou voetpad"

Saterdagoggend is gegroet met Opening en 'n heerlike onbyt wat voorberei is op die hindernisbaan wat gesorg het vir groot prèt. Daar was BAIE modder na die heerlike reën van die vorige nag. Die weer het mooi saamgewerk en ons kon ons darem die ergste modder afwas in die spruit en die seuns het selfs kleilat gespeel terwyl die meisies die klei geniet het met n minerale "fascial". Ons is bederf met n heerlike hamburger tydens die middagete. Die kompetisie het begin vlamvat, waar die verskillende spanne teen mekaar meeding met Windbuks, pyl en boog en pyltjie skiet. Elke span was ook verantwoordelik vir hulle eie potjie vir aandete en die Gr 6/7 het pa se beste resep uitgehaal en alles ingesit sodat hulle span kon wen. Die oranje span het as wenner weggestap. Na 'n bedrywige dag het ons met dankbaarheid om die kampvuur afgesluit.

Sondagoggend is op gepaste wyse in die wit kerk begin en met heerlike "Skurwekoppie koekies" in die eetsaal gegroet, waar baie die resep vir Mamma wou hê. Ons het gaan swem in die mooiste stroom water waar die seuns krappe kon vang en die meisies "probeer" bang maak. Die dag het te vining omgegaan en ons moes die tasse gaan pak en middagete eet voor oom Hennie ons weer veilig terug vat huis toe.

Juffrou Elize en oom Phillip, baie dankie vir 'n heerlike kamp ! Elke kind het dit so geniet en wou net nog "'n slapie" bly. Dankie ook aan die Mamma's en Pappas's wat n hand bygesit het en 'n ogie help hou het met die moeilike taak van beoordeling.



Oom Phillip leer die groepie hoe om met n boog te skiet.



Hier leer die Pieties om met n drom te speel

### Suid-Natal Primêre Skool

**Boemie/Plakkerskamp** saam met die hoërskool. Ons kinders het heel kreatief geraak en somer hulle eie bedelbordjies (hieronder) gemaak en het bunny chows geëet.





Van links na regs: Bekker van Wyk, André Roets, Richard Morrison en Ziaan Nortje tydens die Boemelaarskamp



Hier is Ethan Grobler met blommetjies gemaak uit 500ml koeldrank botteltjies

### Boomplantdag – Suid Natal

Afriforum skenk bome aan ons en lewer 'n praatjie oor inheemse bome. Op die onderste foto van links na regs: Richard, Dieter, Marli, Liani, Christel en Carmen



Op die volgende foto het ons leerders eers 'n praatjie gehad oor **besoedeling** en hoe om produkte weer te kan gebruik. Hulle het toe instrumente uit afval produkte gemaak.



**Lofprysing** is 'n groot deel van Suidies Landsdiens. Ons kom sommer party pouses bymekaar en sing en sal dan ook vir ons skool bid.

### VOORTREKKER SKOOL



Vories bak koekies vir die ouetehuis. Simoné van Schalkwyk, Lezé Coetzee, Willa Geldenhuys en Chrizanne Smit



Minute-to-win-it pret! Daai balletjies wil net nie reg hop in die koppie in nie!

Tannie Anita (KZN se Voorsitter) beplan sulke "Minute-to-win-it" speletjies vir die volgende Streekkamp – lekker !!!!



Vorie Landsdiens oorhandig R900 en baie kat- en hondkos aan die Pietermaritzburg DBV.

### My Omgewing – Laerskool Piet Retief Landsdiens

Noord, Oos, Suid of Wes, ons dorp is omring deur planstasies en dit is so deel van ons omgewing, so ons het bietjie meer gaan leer, by n Meester op die gebied - Mondi

By die kwekery is ons deur Mnr Thokozane gewys waar hulle elke jaar sowat 3 000 000 boompies kweek en stel hy ons bekend aan die verskillende spesies wat hier geplant word. Mnr Gideon Smit het ons geneem na die Tonnels en die Skadunetstrukture waar die boompies lekker sterk word voordat dit geplant word.

By 'n plantasie wat reg is om gekap te word, kan ons sien hoe groot 'n boom moet wees (8 – 10 jaar) nadat dit geplant is. Mnr Dieter Loubser het ons geleer om jaarringe te lees om te bepaal hoe oud 'n boom is. Wie sou raai dat daar 1667 bome in 'n hektaar is?

Dit is nodig dat al hierdie bates opgepas moet word en ons het die groot voorreg gehad om na die kamera beheerkamer te gaan kyk, want Mondi maak nie meer van die tradisionele vuurtorings gebruik nie. Hulle het 'n baie indrukwekkende kamera stelsel wat somer help om vinnig daardie vuur op te tel. Dit is behoorlik 'n "EYE IN THE SKY". Baie dankie aan Mnr Thembiso wat hier somer baie vrae moes antwoord soos die kinders meer wou weet oor hierdie rekenaar stelsel.

Baie Dankie aan almal by Mondi, Mnr Grant Ferguson, Mnr Rudi du Randt en Mev Erna Visasie wat die dag vir ons moontlik gemaak en beplan het.

Ons leerlinge is nog met lekker padkos ook bederf.!

### Timmer Timmer !

Met n getimmer van hamers en n paar los plankies het die Landsdiens leerling baie handig aan die werk gespring om n boom te maak. Ek moet sé die Gr 1's is baie handig met n hamer en hulle kan beslis ma help met n "doen dit self" taak by die huis.

Elke plankie is n ander kleur geverf en elke tak verfraai met die mooiste woorde. Die middag was weereens net te vinnig klaar en elkeen kon spog met hulle kunswerk.

Baie dankie aan Juffrou Elize en Juffrou Jolize wat altyd die leerlinge so kreatief besig hou en laat uitsien na die volgende Landsdiens uitdaging!

Ons sien uit na ons volgende byeenkoms.



Die twee fotos hierbo getuig van die timmerij van Laerskool Piet Retief.

## Landsdiens – LADYSMITH Hoërskool

Gedurende die eerste en tweede kwartaal behoort Vrydae middag aan Landsdiens. Gewoonlik weens al die ander bedrywighede soos sport in die skool. Gedurende die derde kwartaal skuif Landsdiens na Woensdae of Donderdae. Ons aantal aktiewe lede neem effens af maar daar word nog steeds volstoom aan aktiwiteite deelgeneem.

Ons het gedurende die derde kwartaal die ouetehuis besoek. Ons het met ons saam geneem 'n sappie en geskenpkakke vir elke oumensie. Aangesien nie al die lede kan saamgaan nie, het die wat agter gebly, aan tradisionele speletjies deelgeneem. Daar is kettie geskiet, rek gesprong en Shumbu gespeel. Skielik was almal sommer net weer kind.

Juffrou Alana het een hele middag spandeer om almal te leer van die geskiedenis van Landsdiens. Die wat nie kamp nie het geleer van Omo Maud, Tannie Anita en Tannie Lucy. Dan natuurlik is die groot toets geskryf vir vlak 1 en vlak 2.

Ons het skoon gemaak. Die skool gered van al die klein lekkergoedpapiertjies wat sommer so weggegooi word. Die sportvelde is skoongemaak en ons het aandag aan die riviertjie naby ons skool gegee.

Daar is heerlijk Bingo gespeel. Almal wil wen, maar o wee daardie sjokolade is net nie vir sommige bestem nie. Almal wat op kamp was het die ander geleer om armbandjies te maak. Sommiges se bandjies het steeds nie reg uitgekom nie en dan is daar sommer nuwe skeppings gemaak.

Vir boomplank week is daar nie bome geplant nie maar van kraletjies bome gemaak wat elkeen kon huistoe vat.

Ons het groot pret gehad met die speel van Charades en ander soortgelyke speletjies. Weens al ons kapperjolle en rondgesprong en hardloop kon Pionier se tennisspan nie LHS se tennisspan wen nie. Hulle het hulle verkyk aan hierdie mal Landsdienskinders.

Ons afsluiting was weereens gekoppel aan 'n tema. Hierdie jaar moes jy twee karakters kombineer in jou voorstelling. 'n Paar baie interessante karakters het verskyn. Ons matrieks kon egter nie saam met ons kuier nie want hulle was reeds besig met eksamen. Ons het hulle gemis.

Ons beplan reeds volgende week aan volgende jaar se aktiwiteite en sien uit na 2016.



Die fotos op hierdie bladsy is almal van die Ladysmith Klub

## PIET RETIEF - Vet Pret met Water...

Woensdag 28 Januarie het gesorg vir n hele paar "smiles", by die boere vir die lekker reën wat geval het en dan natuurlik was dit die Landsdiens se Ope dag – Waterpret, nie eers die koel weer kon 'n demper plaas op die opgewondenheid, Eskom se beurtkrag het nie eers die ouers onkant betrap nie, wat reg gestaan het met krag opwekkers sodat die springkastele tot waarde gebruik kon word.

Die pret is begin met praktiese reëlings en die kinders is ingedeel in hulle grade. Personeel en ouers was reg by elke "slip and slide" Gladiator baan en water ballon "stasie" waar elke kind sy beurt kon kry en met goeie maniere sy plek weer agter inneem en wag vir sy volgende beurt. Tot die tandmuis het onverwags werk gekry nadat n "NIE los tand" gewissel is sonder n traan en juffrou kon dit veilig bêre en vir Mamma gee vir die kosbare skoene.

Ons volgende byeenkom 4 Februarie gaan Juf Riekert ons jeug leer van vleilande en dan die einde van die maand gaan ons kreatief wees met die maak van "creepy Crawly's. Sal maar moet sien of die "Gogga" die meisies gaan bang maak en of die seuns hulle man gaan kan staan met die Avontuurkamp.

Baie dankie aan Juf Riekert wat die dag gereël het en aan al die personeel en ouers wat gehelp het om die dag soveel pret te maak.

Ons kan voorwaar trots wees op al die geleenthede wat ons kinders gebied word by n ongelooflike skool.



## Jaarverslag 2015: LÜNEBURG Landsdiensklub

(soos gelees op die Landsdienstentoonstelling op 23 Oktober 2015)

Hierdie landsdiens jaar met al sy aktiwiteite het baie vinnig verloop. Die nuwe bestuur van ons klub is gedurende die laaste kwartaal van 2014 aangestel. Michaela Schnackenberg is as voorsitster verkies, Michelle Meier as sekretaresse, Kyle Meier as Bybelklubleier, Anke Niebuhr as Handwerk-klubleidster en Jens Eckhardt as Eco-klubleier. Die leidster van die Uitreikklub was Philine Niebuhr. Sy was ook ons registerhoudster.

Ons Tema van die jaar was **G G G G**. Ons het vanjaar baie dinge oor 'n wye verskeidenheid temas geleer.

### BYBELKLUB:

In ons Bybelklub het ons vanjaar oor baie verskillende temas nagedink. Ons het probeer om op Vrydae die GGGG tema op een of ander interessante manier te benader. Ons het eers oor ons drie-enige **God** nagedink. Daarna het ons oor die verskillende aspekte van **Gebed** gepraat.

In die tyd voor die konsert: „Im Riff geht's rund“, het ons in die oggend oordenkings oor die verskillende karakters in die stuk nagedink. Elke oggend het ons weer verstom gestaan en gesien hoe fantasties ons groot en wonderlike God elke diertjie in die oseaan gemaak het. Van die kleinste jellievuis tot die groot hammerhaai.

Elkeen van ons is ook uniek en wonderlik deur God geskape. Elkeen van ons het ALLES gekry, wat hy of sy nodig het om te kan lewe en om God in Sy Ryk te kan dien.

Deur al hierdie boodskappe is ons **Geloof** in ons almagtige Skepper, ons Verlosser Jesus Christus en ons Helper en Trooster, die Heilige Gees verbreed en verdiep.

Die hoogtepunt van ons Bybelklubjaar was natuurlik die pretstap ten bate van Geopende Deure, op 26 Julie. In aanloop tot die dag het mej. Inge ons vertel hoe die vervolgte Christene leef, bid, lees, gee, deel, eer en sin g. Ons het gesien, dat ons baie dankbaar

wees, dat ons godsdiensvryheid in ons land het, en dat ons hier by ons skool nog elke dag uit die woord van die Here kan lees, tot Hom kan bid en Hom saam loof en prys.

Op 26 Julie is ons uitgedaag om die dag 6 km „in die skoene van die vervolgte Christene te stap“, om sodoende die 60 jarige bestaan van Geopende Deure te herdenk. Geopende Deure werk vandag oor die hele wêreld heen om vervolgte Christene te ondersteun. Ons is toe twee-twee aan mekaar "geboei" voor ons die pad na die huis van Oom Gerald en Mev. Gevers en terug aangepak het.

In die saal, het Oom Fanie Hennop ons meer oor die werksaamhede van Geopende Deure vertel. Hy het begin met 'n tipiese "Superhero" storie en het ons oortuig, dat ons almal "Superhero's" is, omdat ons bereid is om geld in te samel vir Geopende Deure. Met die finansiële hulp en gebede kan die medewerkers by Geopende Deure die vyand oorwin en hulp en bystand aan die vervolgte kerk verleen. Met die insamelingsaksie kon ons oor die R17095,30 vir Trans World Radio insamel. Daarmee kon 227 Bybels aan kinders in die vervolgte kerk voorsien word.

**Michelle:** Baie dankie, Kyle. Ook in die Eco-klub het ons verskeie aktiwiteite onderneem.

### ECOKLUB

Die tema van die **Eco-klub** was vanjaar Grasvelde:

Op Woensdag, 28 Januarie was ons Landsdiensmaats saam met Oom Horst Filter, Mev. Niebuhr en Mnr. Meyer na die vleilande by die Ncaga berg. Ons het die dag weereens besef, in wat 'n pragtige en unieke omgewing ons hier woon en watter voorreg ons het om Oom Horst in ons midde te hê. Terwyl ons so, enkeldiepte in

die water, deur die vleiland gestap het, het Oom Horst sy wye kennis van die orgidieë in ons omgewing met ons gedeel. Wie sou nou kon dink, dat daar 78 verskillende orgidieë soorte hier op ons Ncaga is. Ons was baie gelukkig om 'n paar van hulle die dag te sien blom.

Die nasionale Vleilanddag, waterweek en ander belangrike internasionale dae is ook gedurende die jaar herdenk.

Op 4. September het ons **boomplantdag** hou. Aangesien die bosvaderlandswilg, die nasionale boom van die jaar nie hier by ons groei nie het ons Witstinkhout op die wal agter die Gr 7 klaskamer geplant. Ons **Graad 1 leerders** moet die boom nou vir die volgende 7 jaar oppas. Dalk kan hulle al in sy skaduwee sit as hulle in Graad 7 is.

Op 28 September het Oom **Bradley Gibbons** en Oom Mautitz de Bruyn by ons kom kuier. Hulle het ons m.b.v. 'n skyfievertoning meer oor die grasvelde en die bedreigde spesies in die grasvelde vertel. Ons kon selfs aan die opgestopte ouvolk of „sungazer“ akkedis vat, wat Oom Bradley saamgebring het.

## LANDSDIENSTOER

Maandag, 20 April het ons op die toer na die Drakensberge vertrek. Die eerste stop was in Dundee by die Talana Museum. Daar het ons verskillende dinge bestudeer. In die museum kon ons amper die atmosfeer van die Anglo-Zoeloe-oorlog beleef. Verder kon ons sien hoe mynbou bedryf en glas gesmelt word.

Na ons aankoms by Mountain Splendour het elkeen sy of haar slaapplek gekry. Daarna het ons lekker spanbou-speletjies gespeel en die speelgronde verken. Die aand het ons “stalk the lantern” gespeel.

Dinsdag het die organiseerders van Mountain Splendour ons leerders in drie groepe verdeel wat dan drie spanne gevorm het. In die drie groepe het ons oriëntering gedoen. Na middagete het ons speletjies gespeel en het 'n hindernisbaan voltooi. Ongelukkig was dit die aand bewolk, en ons kon nie die sterre soos beplan bestudeer nie.

Woensdag het ons Falcon Ridge besoek. Hier het ons van die verskillende roofvoëls van naby gesien en leer ken. Woensdagmiddag het ons na 'n opvoering van die Drakensberg Seunskoor gaan luister! Sjoe, hulle kan sing!!! Woensdagaand het ons by die kampvuur malvalekkers gebrui, heerlik gesing en stories vertel.

Donderdag het ons nog 'n sessie saam met Oom Peter gehad, waar ons 'n bergreddingsaktiwiteit moes doen. Daarna het ons 'n hoë boom m.b.v. toue geklim en het dan van bo af weer „absailing“ gedoen.

Die toer het veels te vinnig verbygegaan, en voor ons ons oë kon uitvee, was ons al weer op pad huis toe. Ons het baie lekker by Mountain Splendour gebly.

Baie dankie aan Me Niebuhr, Me Hurter en Mnr. Meyer wat ons vergesel het. Ons waardeer dit opreg. 'n Hartlike dank ook aan ons ouers wat die toer vir ons moontlik gemaak het. Die grootste dank gaan egter aan ons Hemelse Vader wat ons op die toer behoed en bewaar het, ons Skepper, wat die pragtige natuurskoon waar in ons kon beweeg en so baie kon leer, gemaak het.

## HANDWERKKLUB

Vanjaar het ons baie fluks in die handwerkklub gewerk. Elke maand het ons 'n pragtige en nuttige projek gemaak, en het so ou GOETERS tot nuwe GLORIE laat verrys. Al die pragtige skeppings kan op die tentoonstelling besigtig word. Mej. Inge en Mej. Filter het die meeste van die projekte saam met ons gemaak. 'n Hartlike dank aan hulle vir al die moeite.

Ons het reeds in **Januarie** begin en het 'n pragtige GROETKAART gemaak. Vir die hart in die middel van die kaart het

ons ou stukkies vetkryt laat smelt. Met stukkies karton en papier het ons die kaart verder versier.

In **Februarie** het ons saam met Mnr Gevers „GERANIEN“ of malva steggies geplant. Ons moes hierdie steggies self gedurende die res van die jaar versorg. Ons is bly dat darem 'n paar dit tot op die tentoonstelling gemaak het.

Gedurende **Maartmaand** het ons die mooiste GELDSAKKIES uit die agterste broeksakke van ou denimbroeke gemaak. Ons het die sakkies met stukkies vilt en knope versier. So 'n sakkie sal beslis menige dogtertjie se hart verbly.

Vir **April** het ons glas teeliggiehouers uit GRONDBOONTJIEBOTTERBOTTELS gemaak. Dit was toe tog nie so maklik om die bottels gesny te kry nie. Gelukkig het Mnr. Meyer ons daarmee gehelp. Ons het sterre gepons en het dit op die bottel ge“modge-podge“. Dit sal baie mooi op 'n kerstafel lyk.

Gedurende **Mei- en Juniemaand** het ons baie hard gewerk. Ons het vyf verskillende GESKENPKAKKIES gemaak.

- Vir die eerste een het ons 'n leë toiletrol gebruik!
- Vir die tweede geskenksakkie is 'n doodgewone klein bruinpapiersak in 'n wyse uil verander.
- Geskenksakkie nommer drie is uit die inkbokse van die skool se kopieërder gemaak! 'n Wynbottel pas perfek daarin!
- Die vierde sakkie is somer 'n G- GOGGA geskenksakkie om by die GGGG tema te pas.
- Wie kan dink, dat ons by die vyfde sakkie almal met dieselfde basiese patroon begin het? Kyk net die verskeidenheid – ja ons maats met die hulp van Mej. Filter en Mej. Inge hier en daar, is baie kreatief.

Terwyl sommige maats aan hul geskenksakkies gewerk het, het ander die mooiste natuurtonele met verskillende grondsoorte „geskilder“. Kyk net hoe mooi lyk die GRONDSKILDERYE!

Die derde kwartaal was maar baie deurmekaar en baie besig met die konsert en die baie krieket en tenniswedstryde wat gespeel is. So tussen deur het ons tog tyd gevind om aan ons projekte te werk.

Op die verlengde **skooldag voor die bazaar** het ons somer met twee projekte begin.

Ons het ratels uit ou GLOEILAMPE gemaak. Ons moes ten minste 6 lae papier op die gloeilamp plak voordat ons die glas binnein kon breek. Daarna het ons hulle versier! Ons het ook begin om GIPFIGURE te maak. Wie het nou gedink, dat die “marmer” figure net uit 'n paar lappies en 'n ou bottel bestaan? Kersfees kan maar kom, ons is gereed!

Op **21 September** het Tannie Rona Filter nog saam met ons kom werk. Hier het ons ou GOLFBALLE tot nuwe glorie laat verrys. Die sleutelhouers met die diervelmotiewe is baie effektief.

Ons maats het natuurlik ook tuis hard gewerk om al die pragtige projekte wat vandag hier tentoongestel is, te maak. 'n Hartlike dank aan al die maats, saam met hul ouers, oupas, oumas, ooms en tannies vir die moeite wat julle gedoen het. Ons hoop julle het dit almal geniet. So ver die Handwerk-klub verslag.

## UITREIKKLUB

Die eerste uitreikaksie was na ons onderwysers en skoolmaats op Valentynsdag! Elkeen het 'n hartjie boekmerk, herwin uit 'n ou koevert, ontvang. Hierdie hartjie sou ons altyd weer aan die groot Liefde van God vir elke mens herinner.

In Maart is 'n blommeskou ten bate van die Versorgingseenheid in Paulpietersburg gereël. Volwassenes en kinders kon daaraan deelneem. Ons moes 'n **Goggomajok of 'n Nu-nu-lu-lu** uit plantmateriaal te maak.

Net soos ons maats dit geniet het om die gediertes te maak, so het die ou mense dit geniet om daarna te kyk en het altyd weer en weer daarna kom kyk. Saterdag is die gediertes van die kinders deur talle mense bewonder. Elkeen kon 'n donasie in die blikkie by die rangskikking plaas, waarvan hy of /sy die meeste gehou het. Deur

die blommeskou (inskrywingsfooie en geld in die blikkies) is R7200 ten bate van die versorgingseenheid ingesamel.

In Juniemaand het ons deur die geld wat ons deur die 6km pretstap ten bate Geopende Deure uitgereik en gesorg, dat 227 Bybels aan kinders in die vervolgte kerk geskenk kon word.

Op 31 Julie het ons Graad 7 dogters saam met Mev. Lammerding na die Emagovini skool, op Oom Dieter Röhrs se plaas, vertrek. Hier wou ons met speelgoed wat ons versamel het, uitreik na die Graad R klas. Saam met Mev Lammerding het ons die boodskap oor ons Heiland en Verlosser Jesus Christus wat gekom het, om vir ons sondes te sterf, oorgedra. Gedryf deur Sy Liefde vir ons, wil ons ook liefde en vreugde uit deel. Die vierde G in ons GGGG – tema staan vir GEE GRAAG! Die dag het ons gesien wat dit beteken as Die Bybel sê: **“Dit is meer geseënd om te gee as om te ontvang.”** Handeling 20,35. Kyk net die vreugde op die Kindergesigte!

Een van ons leerders, **Andile Shongwe** moes 'n groot beenoperasie ondergaan. As skool en as leerders van die uitreikklub het ons vir haar 'n boks vol verrassings gemaak. Nou kan sy elke oggend 'n pakkie oopmaak en so is die lang pad na genesing en herstel makliker!

Ons het vanjaar verder bread-tags“ bymekaar gemaak vir 'n projek waar mens **“bread-tags”** moet versamel, sodat 'n persoon wat die behoefte daaraan het 'n **rolstoel** kan ontvang. Ons wil egter nie hier ophou nie – daar is steeds bread-tags wat rondlê en die aarde besoedel en daar is steeds mense wat 'n rolstoel nodig het. Kom help dus nog verder almal saam om die “bread-tags” te versamel.

Ons wil in die komende weke ook nog deelgeneem aan die **briefskryfaksie** van **UNDERGROUND**. Elke Landsdiensmaat sal weer 'n briefie in Engels met bemoedigende Bybelverse na Geopende deure stuur en hulle sal die briewe dan verder aanstuur, na vervolgte Christene wêreldwyd.

Dit was 'n besonder suksesvolle, leersame en genotvolle jaar. Ons het dit almal baie geniet. Eers het ons gedink „GGGG “ -wat 'n gagga tema, maar nou weet ons

- Ons GOD is wonderlik. Ons kan so dankbaar wees, dat ons tot Hom in GEBED kan aanroep en ons GELOOF in Hom kan versterk. *(Bybelklub)*

- Ons lewe in 'n pragtige omgewing met 'n ryk geskiedenis en besondere GRASVELDE en natuurskoon ek en jy, kan 'n verskil maak om dit so te hou. *(Eco-klub)*

- om GOETERS tot nuwe GLORIE te laat verrys, kan pret wees en die natuur help. *(Handwerkklub)*

dit verskaf baie meer vreugde om GRAAG te GEE as om te ontvang.

*(Uitreikklub)*